

W.3 PAPKUIL/BULRUSH

(*Typha capensis* (Rohrb.) N.E. Br.)

Familie: Typhaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Papkuil is 'n sterkgroeiende, meerjarige plant met 'n regop, onvertakte litlose stingel, ongeveer 3 tot 4 m lank, wat vanuit 'n horisontale wortelstok groei. Die lang grasagtige blare wat naby of aan die basis van die plant ontstaan, is 10 tot 20 mm breed. Die bloeiwyse is 'n digte silindriese aar met baie klein eenslagtige blommetjies. Die onderste gedeelte van die aar wat uit vroulike blomme bestaan, is breër as die boonste gedeelte en word bruin in vrug. Die boonste gedeelte met manlike blomme is smaller en ligter van kleur en nadat dié blomme afgeval het bly die punt van die as nakend. Die volwasse vroulike gedeelte van die bloeiwyse bars oop en klein saadjies omring deur syagtige haartjies word versprei.

Verwante spesies

'n Tweede spesie, *T. domingensis* Pers., is vir die gebied aangeteken. Die blare daarvan is naby die basis gevlek en in die bloeiwyse is daar 'n duidelike gaping tussen die manlike en die vroulike gedeeltes.



Verspreiding

Papkuil kom wyd verspreid dwarsdeur Suidelike Afrika voor.

Ekologie


Die plant groei in modder of in stilstaande tot stadig vloeiende water, redelik vars tot brakwater van ongeveer 0,5 (of soms 1) m diep. Dit vorm dikwels digte, suiwer stande langs stroomwalle, in kanale en moerasse en kan huishoudelike afval verdra.





Belangrikheid

Papkuil kan 'n probleem word omrede dit 'n vertraging in watervloei kan meebring, klein dammetjies bedek, en bootvaart en hengel kan belemmer. Die plant voorsien voedsel aan voëls, herberg natuurlewe en skep gunstige broeitoestande vir muskiete. Dit veroorsaak slikafsetting en verhoog dus die helderheid van die water. Papkuil help om walerosie as gevolg van golfaksie wat deur renbote en vloedskade veroorsaak word te bekamp.



Wetgewing en beheer

Daar is geen wetgewing vir die beheer van papkuil nie. Raadpleeg Steyn, Scott, Ashton & Vivier (1979) betreffende beheermaatreëls.

Opmerkings

Die naam *Typha* is afkomstig van die Grieks *tuphos* = moeras; *capensis* = van die Kaap.

Spesienommer: 0049.000-00100

Literatuurverwysings

- ANDERSON, J.G., 1966. Typhaceae in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.
- POLUNIN, O., 1969. *Flowers of Europe*. Oxford: Oxford University Press.
- SCULTHORPE, C.D., 1967. *The biology of aquatic vascular plants*. London: Edward Arnold.
- STEYN, D.J., SCOTT, W.E., ASHTON, P.J. & VIVIER, F.S. 1979. *Guide to the use of herbicides on aquatic plants*. Technical Report No. TR 95. Pretoria: Department of Water Affairs.
- WILD, H., 1961. Harmful aquatic weeds in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.